# Die

# Ryk Man

# En

# Lasarus

deur Dennis Crews

Kopiereg © 2004 deur
Lu Ann Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Die

# Ryk Man

en

# Lasarus

deur Dennis Crews

# DIE RYK MAN EN LASARUS

Baie argumente is alreeds gevoer oor of die woorde van Jesus in Lukas 16:19-31 veronderstel was om letterlik verstaan te word of as 'n gelykenis. Sommige Christene voel dat Jesus, in hierdie verhaal, vir Sy toehoorders 'n blik gegee het op hoe die lewe in die hiernamaals is. Andere, wat talle gedeeltes uit die Skrif aanhaal wat blyk asof dit die uitbeelding van die hemel en die hel wat in hierdie gedeelte bevat word, weerspreek, voel dat Jesus 'n heeltemal ander soort les wou tuisbring. Ongelukkig het baie moderne godsdienstige onderwysers die verhaal uit sy oorspronklike konteks geneem en dit gebruik as 'n middel om mense mee bang te maak. Godsdienstige "bekerings" uit vrees vir die hel soos wat dit in hierdie gedeelte uitgebeeld word, het inderdaad voorgekom, maar is gebaseer op 'n fondament wat 'n tekort het aan die krag wat kom slegs van 'n opregte waardering van God se karakter en 'n behoorlike begrip van die Skrifte.

Om hierdie studie in te lei, sal ons noukeuriger kyk na wat 'n gelykenis werklik is, en dan die omstandighede waarin Jesus hierdie verhaal vertel het, ondersoek. Miskien sal ons dan beter verstaan watter lesse daar vir ons in hierdie verhaal van die ryk man en Lasarus is.

Die *Random House College Dictionary* beskryf 'n gelykenis as "'n kort, sinnebeeldige verhaal wat ontwerp is om 'n waarheid of morele les oor te dra." *Cruden's Complete*

*Concordance* brei hierdie konsep verder uit en sê dat gelykenisse in die Bybel "meer algemeen as elders" gebruik was. Ons weet dat die Bybelskrywers situasies beide denkbeeldig – soos in die bome wat vir die steekdoring gevra het om koning oor hulle te wees (Rigters 9:8-15) – en realisties in gelykenisse, gebruik het. Watter vorm die gelykenis ookal aangeneem het, was dit slegs 'n manier om die morele les oor te dra.

Jesus het die waarde van gelykenisse om mense te leer, besef. Hy het begeer om hulle diepste gedagtes en denke te stimuleer, en Hy het geweet dat indien Hy te letterlik gepraat het, sekere van Sy toehoorders Sy woorde spoedig sou vergeet. Nie slegs dit nie, maar andere, vir wie sekere van Sy gelykenisse 'n streng berisping was, sou so kwaad geword het vir die reguit manier van praat, dat hulle sou probeer het om Hom met geweld stil te maak. Wys soos 'n slang, maar skadeloos soos 'n duif, het Jesus die woorde van Jesaja 6:9 herroep en vir Sy dissipels gesê, "Aan julle is dit gegee om die verborgenhede van die koninkryk van God te ken; maar aan die ander deur gelykenisse, sodat hulle, terwyl hulle dit sien, nie sien nie en terwyl hulle hoor, nie verstaan nie." Lukas 8:10. *Cruden's Concordance* verduideik: "Ons Heiland spreek dikwels in die evangelies met die mense deur gelykenisse. Hy het dit gebruik om die waarheid te versluier vir diegene wat nie gewillig was om dit in te sien nie. Diegene wat opreg begeer het om te weet, sou nie rus voordat hulle uitgevind het wat die

betekenis was nie."

Hier is dit gepas om te vra met wie Jesus in Lukas 16:19-31 gepraat het. Met watter tipe van mense het Hy hier te doen gehad? Die laaste versie voor Jesus se stem in hierdie gedeelte begin, sê vir ons. Vers 14 sê, "En die Fariseërs, wat geldgierig was, het ook al hierdie dinge gehoor en Hom beskimp." Jesus het met die Fariseërs gepraat, 'n klas manne wat dwarsdeur die Evangelies bekend was vir hulle weiering om eerlik te wees met Hom en die waarhede wat Hy verkondig het.

Ons kan seker wees dat van al die mense wat Jesus geleer het, niemand versigtiger hanteer was as die geslepe Fariseërs nie. Hulle het bedrieglik en agterbaks opgetree, maar Jesus het hulle met wysheid en waarheid hanteer. Die veiligste manier vir Hom om dit te doen, was deur gelykenisse en sinnebeeldige voorstellings. Bewyse dat hulle baie van Sy leringe nie verstaan het nie, kan gevind word in Jesus se gebed in Lukas 10:21, "Ek loof U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het." Markus 4:33,34 wys duidelik dat Jesus se lesse byna altyd konstant in gelykenisse aangebied was: "En met baie sulke gelykenisse het Hy die woord tot hulle gespreek volgens wat hulle kon verstaan; en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek nie; maar afsonderlik het Hy vir sy dissipels alles uitgelê."

Nou is ons gereed om die verhaal van die ryk man en

Lasarus self te ondersoek en te probeer om vas te stel wat die werklike boodskap was wat Jesus daardeur wou oordra.

"En daar was 'n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. En daar was 'n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek." Lukas 16:19-21.

Wie was die simboliese ryk man? Die Jode was in 'n meerdere mate geseën met 'n kennis van God en sy plan van verlossing vir die hele mensdom. Hulle het die "aanneming tot kinders" ontvang, "en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes;" Romeine 9:4. Slegs 'n Jood sou bid tot "Vader Abraham," soos wat ons die ryk man later in die verhaal sien doen. Dit is duidelik dat die Joodse nasie deur hierdie karakter voorgestel was.

In teenstelling hiermee, het Lasarus al daardie mense in geestelike armoede voorgestel – die Heidene – met wie die Israeliete hulle erfenis moes deel. Die Jode het die woorde van Jesaja baie goed geken. "Ek het U gemaak tot 'n lig vir die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde." Jesaja 49:6.

Ongelukkig het die Jode gladnie hulle geestelike rykdom met die Heidene gedeel nie. In plaas daarvan het hulle die Heidene as "honde" gesien wat tevrede moes wees met die geestelike krummels wat van hulle meesters se tafels afgeval

het. Die beeldspraak was bekend. Jesus het dit vantevore gebruik toe Hy die geloof van die Kananése vrou getoets het. “Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval.” Mattheus 15:26,27.

Die ryk Jode het die waarheid vir hulleself gehou, en deur dit te doen, het hulle hulleself verontreinig. Slegs oomblikke voordat Jesus hierdie gelykenis vertel het, het Jesus die Fariseërs bestraf vir hulle geestelike verwaandheid. “Dit is julle wat julleself regverdig voor die mense, maar God ken julle harte; want wat by die mens hoog geag word, is ‘n gruwel voor God.” Lukas 16:15. Wat sou die resultaat van hierdie gruwelike verwaandheid wees?

“En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel; want ek ly smarte in hierdie vlam. Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie; en wat

dáár is, nie na ons kan oorkom nie." Lukas 16:22-26.

Die Jode het "die goeie lewe" geniet terwyl hulle op die aarde was, maar het niks gedoen om hulle naaste te seën of te verryk nie. Daar was geen verdere beloning nie. "Maar wee julle, rykes, want julle het jul troos weg. Wee julle wat vol is, want julle sal honger ly." Lukas 6:24,25.

Teenoorgesteld, sou die arme van gees, wat deur Lasarus gesimboliseer was, die koninkryk van die hemel beërf. Die Heidene wat na regverdigheid gehonger en gedors het, sou versadig word. Die "honde" en sondaars, wat so deur die selfregverdige Fariseërs verag was, sou die hemel voor hulle ingaan. "Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God." Mattheus 21:31.

Die gelykenis sluit af met die ryk man wat smeek dat sy broers gewaarsku moet word sodat hulle nie in sy lot moet deel nie. Deur Abraham te vra om Lasarus op hierdie sending te stuur, beweer hy dat "as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer." Lukas 16:30. Abraham antwoord, "As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan." Vers 31.

Jesus het die Fariseërs op hierdie manier bestraf vir hulle minagting van die Skrifte, wetende dat selfs 'n bonatuurlike gebeurtenis nie die harte van hulle sou verander wat volhard om die leringe van "Moses en die profete" te verwerp nie. Die wonderwerk van die opwekking van die

werklike Lasarus kort hierna, bevestig die akkuraatheid van Jesus se gevolgtrekking. Iemand het wel uit die dode opgestaan, maar nogtans het die broers van die "ryk man" hulle nie bekeer nie. Die Fariseërs het selfs saamgesweer om Lasarus na sy opstanding dood te maak. Sy lewe het hulle herinner aan hulle eie skynheiligheid.

Vandag glo baie Christene dat die verhaal van die ryk man en Lasarus 'n geskiedkundige verslag is van twee persone se letterlike ondervindings in die lewe hierna. Gebaseer op hierdie sienswyse, verkondig sommige mense dat diegene wat bestem is vir die vurige foltering van die hel dwarsdeur die ewigheid nooit sal ophou brand nie. Soos met die gelykenis van die bome en die steekdoring (Rigters 9:8-15), ontstaan ernstige probleme egter met die letterlike interpretasie van die elemente van die verhaal.

Kan ons glo dat al die heiliges nou in die boesem van Abraham vergader is? Indien dit wel so is, in wie se boesem rus Abraham? En indien daar werklik 'n groot kloof tussen die hemel en die hel is, hoe kon dit moontlik wees dat die ryk man deur Abraham gehoor kon word? Miskien nog meer ontstellend, hoe kan die heiliges die gerief van die hemel geniet terwyl hulle die uitroepe van die gefolterde goddeloses moet verduur?

Nog 'n probleem wat met 'n letterlike interpretasie van hierdie verhaal ontstaan, kan "die raaisels van die leë grafte" genoem word. Indien hierdie letterlik vertolk word, blyk dit

asof nie een van die twee leidende karakters baie lank in die graf was nie – beide was heel vinnig na hulle onderskeie plekke van beloning weggevoer. Hulle liggame het vanselfsprekend saamgegaan, want ons vind dat die ryk man sy *oë* opgehef het, en begeer het dat sy *tong* verkoel kon word deur 'n druppel water vanaf die *vinger* van Lasarus wat, soos ons gesien het, besig was in die *boesem* van Abraham te rus. Voldoende grafte is in die afgelope jare opgegrawe om te weet dat die liggame van die afgestorwenes nie na die begrafnis na die hemel of die hel geneem word nie. Hulle verander uiteindelik in stof en wag op die opstanding.

Uit hierdie paar voorbeelde, begin ons sien dat in hierdie gelykenis, Jesus nie probeer het om die fisiese realiteite van die lewe hierna te probeer verduidelik nie In plaas daarvan het Hy verwys na die ontrouheid van die Jode met betrekking tot hulle toegewese verantwoordelikheid. As rentmeesters van die spesiale boodskap van waarheid, het hulle heeltemal gefaal om dit te deel met die Heidene wat ywerig was om dit te hoor. Inteendeel word die hele hoofstuk van Lukas 16 toegewy aan die onderwerp van rentmeesterskap.

In vers een het Christus begin deur 'n ander gelykenis te vertel oor die rentmeesterskap van geld of besittings. "Daar was 'n ryk man wat 'n bestuurder gehad het; en hy is by hom aangeklaag as een wat sy besittings verkwis." Nadat Jesus die beginsel behandel het oor om met materiële goedere toevertrou te word, het Hy die kwessie aangeraak van om

toevertrou te wees met die waarheid. Deur die gelykenis van 'n ander ryk man, het Hy in beeldende taal geïllustreer hoe hulle net so ontrou was met geestelike rykdom as wat die rentmeester ontrou was met fisiese rykdom.

Om te poog om die gelykenis van die ryk man en Lasarus te gebruik om die leerstelling van die helse vuur in te sluit, is om die punt te mis wat Jesus probeer oordra het. Die Bybel spreek met onmiskenbare duidelikheid van die onderwerp van die hel op baie ander plekke. Nêrens leer die Skrif dat die goddelose deur die eindelose eeue van die ewigheid sal aanhou ly in die hel se vure nie. Dit leer eerder dat hulle heeltemal vernietig sal word. Jesus sou nooit die integriteit van die Heilige Skrifte in gevaar gestel het deur 'n leerstelling te verkondig wat teenstrydig is met sy eie oorweldigende getuienis oor die onderwerp nie.

Die waarheid oor die hel kan vasgestel word deur slegs 'n paar van die baie Bybeltekse te ondersoek wat direk oor die onderwerp praat. Voordat ons hierdie tekse egter onderosek, moet ons onthou dat "die loon van die sonde is die dood; maar die genadegawe van God is die ewige lewe." Romeine 6:23. Daar is slegs twee alternatiewe vir elke siel. Diegene wat Jesus Christus en Sy versoenende offer aanvaar, sal vir ewig lewe; diegene wat Jesus nie aanvaar nie, sal sterf. Indien die goddelose aanhoudend sou ly, sal die ewige lewe – hoe pynlik ookal – hulle s'n wees. Ons weet egter dat die ewige lewe slegs beskikbaar is vir diegene wat Jesus aanvaar.

Oorweeg hierdie duidelike tekse uit die Skrif wat praat van die beloning van die goddelose: "Maar die goddelose sal omkom en die vyande van die Here soos die prag van die weivelde; hulle verdwyn soos rook, hulle verdwyn." Psalm 37:20.

"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek, sê die Here van die leërskare; sodat dit vir hulle geen wortel of tak sal oorlaat nie." Maleági 4:1.

"En hulle sal die goddelose vertrap, want hulle sal soos stof wees onder julle voetsole op die dag wat Ek skep, sê die Here van die leërskare." Maleági 4:3.

"En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel." Mattheus 10:28.

"Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand." 2 Petrus 3:10.

"Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood." Openbaring 21:8.

Baie ander tekse kan aangehaal word, maar hierdie illustreer duidelik dat die uiteindelike lot van die goddelose die dood is. Let daarop dat die Skrifte die sterkste moontlike woorde kies om die algehele uitwissing van die goddelose te beskryf. Op geen manier moet hierdie duidelike woorde misvertaan word deur iemand wat eerlik verlang om die waarheid te ken nie. Daar is 'n vuur bespreek vir die goddelose, 'n vuur so warm dat dit almal wat daardeur oorweldig word, heeltemal sal vernietig. Wanneer die vuur se werk voltooi is, sal dit uitgeblus word. Ewigbrandende vuur word nêrens in die Bybel geleer nie – selfs nie in die verhaal van die ryk man en Lasarus nie. (Sommige mense het gewonder wat die uitdrukking "vir ewig" in die gebruik van Openbaring 20:10 beteken. Ander soortgelyke gedeeltes bevestig hierdie slegs om te beteken, *solank as wat 'n persoon leef*. Vergelyk Exodus 21:6; 1 Samuel 1:22; Jona 2:6, ens. Die uitdrukking "ewige vuur" kan ook verstaan word in terme van die gevolge eerder as die duur daarvan, soos in die voorbeeld van Sodom en Gomorra in Judas 7).

Dit sou tragies wees om die werklike betekenis van die gelykenis te mis deur dit te verwyder uit die opset waarin Jesus dit gegee het. Kom ons aanvaar die les wat Hy gepoog het om oor te dra en pas dit op ons eie lewens toe. Doen ons alles wat ons kan om die boodskap van verlossing aan andere te bring? Het ons diegene om ons opreg lief, en het ons hulle genooi om ons geestelike erfenis te deel? Indien ons ons

rykdom opgaar, net soos die Jode van ouds, sal ons selfvoldaan en korrup raak. In teenstelling sal ons verhouding met Christus sowel as met andere sterker en betekenisvoller word deur aktiewe, liefdevolle diens.

Laat ons nie bangmaak stories die basis van ons Christelike ondervinding maak nie. Laat ons in plaas daarvan verstaan dat "God die wêreld so liefgehad het, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." Johannes 3:16.

## VERDUIDELIKING VAN 'N PAAR MOEILIKE TEKSE

***1 Samuel 28:14:*** "Hy vra haar toe: Hoe is sy voorkoms? En sy antwoord: 'n Ou man kom op met 'n mantel om. Toe Saul begryp dat dit Samuel is, buig hy met sy aangesig na die aarde toe en val neer."

Hierdie spiritualistiese séance word aangehaal as bewys vir lewe na die dood. Hier volg egter punte wat in teenstelling daarmee is:

1. Waarsêers was met die dood gestraf en uit die land verban (vers 3; Levitikus 20:27).
2. God het Saul verlaat en wou nie met hom kommunikeer nie (vers 15).
3. Samuel was kwansuis "laat opkom." Ander uitdrukkings:

"uit die aarde opgekom," "Opgekom," en "Bring … op." Is dit waar die regverdige dode is – onder in die aarde? Nie volgens diegene wat glo in die onsterflike siel nie.

4. Samuel word beskryf as "'n ou man met 'n mantel om." Is dit hoe die onsterflike siele lyk? En waar het die siel die liggaam gekry? Hulle is veronderstel om uit die liggaam te gaan. Was daar 'n opstanding? Het God die geskreeu en geroep van die dodebesweerder gehooraam en Samuel opgewek? Indien nie, kan Satan die dode opwek?
5. Die verskynsel van Samuel het vir Saul gesê, "Môre sal jy met jou seuns by my wees." Saul het die volgende dag op die slagveld selfmoord gepleeg. Waar het Samuel gewoon, as die goddelose Saul ook na dieselfde plek moes gaan?
6. Die rekord sê nooit dat Saul vir Samuel gesien het nie. Hy het sy inligting tweedehands van die dodebesweerder ontvang, en slegs tot die gevolgtrekking gekom dat dit Samuel was uit die beskrywing wat sy gegee het. Die waarheid is dat die duiwel die sedelose ou vrou bedrieg het, en sy het vir Saul bedrieg. Dit was niks meer as 'n duiwel-aangedrewe séance nie.
7. Die enormiteit van Saul se sonde word openbaar in hierdie woorde, "En Saul het gesterwe … omdat hy die gees van 'n afgestorwene om inligting gevra het, maar

die Here nie geraadpleeg het nie." 1 Kronieke 10:13,14.

***Mattheus 10:28:*** "En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel."

Jesus leer duidelik in hierdie teks dat die siel nie van nature onsterflik is nie. Dit kan en sal in die hel vernietig word. Wat bedoel Hy egter met die liggaam doodmaak, maar nie die siel nie? Is dit moontlik vir die siel om apart van die liggaam te bestaan? Sommige sê dit is, maar die Bybel dui die teenoorgestelde aan.

Die Hebreeuse woord "psuche" is vertaal as "siel" in hierdie teks, maar in veertig ander tekse is dit vertaal as "lewe." Byvoorbeeld, Jesus het gesê, "Maar elkeen wat sy lewe [psuche] om My ontwil verloor, sal dit vind." Mattheus 16:25. Vanselfsprekend kan "psuche" nie in hierdie geval siel beteken nie, want dan kan daar gesê word dat mense hulle siel verloor om Christus ontwil. Dit word behoorlik vertaal as "lewe."

Maar wat van Mattheus 10:28? Voeg die woord "lewe" in in plaas van "siel" en die teks stem perfek ooreen met die res van die Bybel. Die kontras is tussen een wat die fisiese lewe kan neem, en Hy wat die ewige lewe kan wegneem. Hier is bewys in die woorde van Jesus: "En Ek sê vir julle, my vriende: Moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak en daarna niks meer kan doen nie; maar Ek sal julle wys wie julle moet vrees:

vrees Hom wat, nadat Hy doodgemaak het, by magte is om in die hel te werp; ja, Ek sê vir julle, vrees Hom!" Lukas 12:4,5.

Met ander woorde, hier beteken die woord "siel" nie slegs lewe nie, maar ook die ewige lewe. Let daarop dat Lukas alles net soos Mattheus sê, behalwe dat hy nie sê "die siel doodmaak nie." In plaas daarvan sê hy, "in die hel te werp." Dit beteken dieselfde. Die mens kan slegs die liggaam doodmaak en die fisiese lewe wegneem. God sal in die hel werp en die ewige lewe wegneem. Nie slegs hulle liggame sal in daardie vuur vernietig word nie, maar hulle lewens sal ook vir ewig uitgeblus word.

***Mattheus 25:46:*** "En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe."

Dit is goed om op te let dat Jesus nie gesê het dat die goddelose "ewigdurende straf" sou verduur nie. Hy het gesê "ewige straf." Wat is die straf vir sonde? Die straf is vernietiging, en dit duur vir ewig (2 Thessalonicense 1:9). Met ander woorde, dit is 'n permanente vernietiging, omdat daar geen opstanding uit daardie vernietiging sal wees nie.

Paulus sê, "die loon van die sonde is die dood." Romeine 6:23. Johannes beskryf daardie dood as "die tweede dood" in Openbaring 21:8. Daardie dood of vernietiging sal vir ewig wees.

***Markus 9:43,44:*** "En as jou hand jou laat struikel, kap

dit af. Dit is beter vir jou om vermink die lewe in te gaan, as om twee hande te hê en in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie."

In hierdie teks word die woord "hel" vertaal uit die Griekse woord "Gehenna," wat 'n ander naam is vir die Vallei van Hinnom net buitekant die mure van Jerusalem. Die oorblyfsels van liggame van diere was daar in 'n ewig-brandende vuur gegooi om verbrand te word. Wurms wat van die dooie liggame geleef het, was gedurig besig om dit wat die vlamme mag vryspring, te vernietig. Gehenna het 'n plek van totale uitwissing gesimboliseer.

Jesus het in hierdie teks geleer dat die vuur van die hel nie uitgeblus kon word of deur enigiemand geblus kon word nie. Jesaja het gesê, "Hulle kan hulleself nie red uit die mag van die vlam nie." Jesaja 47:14. Hy het egter dadelik in dieselfde versie bygevoeg, "dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie!" Die onuitbluslike vuur sal dus doodgaan nadat dit sy werk voltooi het. Jerusalem het met onuitbluslike vuur gebrand (Jeremia 17:27) en tog was dit heeltemal vernietig (2 Kronieke 36:19-21).

Die vlamme en wurms van Gehenna het die totale uitwissing en vernietiging van sonde en sondaars voorgestel. Met die vure van Gehenna wat voor hulle oë brand, kon Jesus nie 'n meer grafiese voorbeeld met die Fariseërs gebruik het om die finale totale vernietiging van sondaars te beskryf nie.

Diegene wat hierdie teks aanhaal om hulle leerstelling van die natuurlike onsterflikheid van die siel te ondersteun, beland in 'n ware dilemma. Waarom? Omdat die vuur en wurms werk, nie op die siele wat van die liggame geskei is nie, maar op *liggame*! In Mattheus 5:30 het Christus gesê, die "hele liggaam" sal in die hel gewerp word.

In Jesaja 66:24, word dieselfde Gehenna prentjie van die onuitbluslike vlam en die vernietigende wurms voorgestel. In hierdie geval word die woord "karkasse" egter gebruik, wat die feit openbaar dat die vuur dooie liggame verteer, nie siele wat van liggame geskei is nie.

***Lukas 23:43:*** "En Jesus antwoord hom: voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees."

Sommige het uit hierdie versie aangeneem dat siele onmiddellik na die dood hulle beloning ontvang, in teenstelling met baie ander Bybeltekse. Let egter op twee dinge wat verkeerd is met hierdie aanname. Eerstens, selfs al het Jesus vir die dief gesê, "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees," het Hy drie dae later vir Maria gesê dat Hy nog nie na Sy Vader opgevaar het nie. Hier is die bewys dat Sy Vader in die Paradys was: Openbaring 2:7 sê die boom van die lewe "is binne-in die paradys van God," en Openbaring 22:1,2 beskryf die boom van die lewe langs die kant van die rivier van lewe wat op sy beurt uit die troon van God vloei. Daar is dus geen twyfel daaroor dat die Paradys is

waar die Vader se troon is nie. Die vraag is: Hoe kon Jesus vir die dief gesê het dat hy daardie dag saam met Hom in die Paradys sou wees as Hy eers drie dae later daarheen gegaan het?

Tweedens het Jesus en die dief nie eers op dieselfde dag gesterf nie. Toe die soldate net voor sononder gekom het om die liggame van die kruis af te haal, was Jesus alreeds dood (Johannes 19:32-34). Die diewe was nog steeds lewendig, en hulle bene was gebreek om hulle dood te verhaas en om hulle te verhinder om te ontsnap. Hulle het ongetwyfeld nog tot na sononder en op die Sabbat geleef en waarskynlik nog langer. Hoe kon Jesus dus die dief verseker het dat Hy daardie dag saam met Hom in die Paradys sou wees as hulle nie beide op "daardie dag" gesterf het nie?

Die oënskynlike teenstelling raak duidelik wanneer ons in gedagte hou dat die punktuasie van Lukas 23:43 deur ongeïnspireerde manne ingevoeg is toe ons Engelse Bybel vertaal was. Hulle het 'n komma voor die woord "vandag" ingevoeg, wanneer dit in werklikheid na "vandag" ingevoeg moes word. Dan sou die versie korrek gelees het, "Voorwaar Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met My in die Paradys wees." Met ander woorde, Jesus het gesê, "Ek gee jou vandag die versekering, wanneer dit lyk asof ek niemand kan red nie; vandag wanneer my eie dissipels My verlaat het en Ek soos 'n krimineel gaan sterf – nogtans verseker Ek jou nou van verlossing."

Let asseblief daarop dat die dief nie gevra het om toe na die Paradys geneem te word nie. Hy het gevra, "Here, onthou my *wanneer u in u koninkryk kom."* Dit is presies wanneer hy onthou sal word en na daardie Koninkryk geneem sal word.

**2 Korinthiërs 5:6,8:** "Daarom het ons altyd goeie moed en weet dat as ons in die liggaam inwoon, ons van die Here uitwoon. … Maar ons het goeie moed en verkies om liewer uit die liggaam uit te woon en by die Here in te woon."

In verse 1-8 vergelyk Paulus die huidige sterflike toestand met die toekomstige onsterflike lewe in die hemel. Let op die uitdrukkings wat hy vir die twee vergelykings gebruik:

| STERFLIK | ONSTERFLIK |
|---|---|
| aardse woning | gebou van God |
| hierdie tabernakel | huis nie met hande gemaak |
| sterflikheid | ons huis van die hemel |
| in die liggaam | afwesig uit die liggaam |
| afwesig van die Here | teenwoordig by die Here |

Hy praat ook daarvan om met "ons woning wat van die hemel is" beklee te wees (vers 2), en weer, hy verlang "dat sterflikheid deur die lewe verslind kan word." Vers 4. Maar die sleutel tot die hele redevoering lê in die beskrywing van 'n derde voorwaarde. Nadat hy begeer het om met onsterflikheid beklee te word, sê Paulus dat "ons ten minste

gekleed en nie naak bevind sal word nie." Vers 3. Om dit op nog 'n ander manier te stel, het hy gesê, "omdat ons liewer nie ontklee nie." Vers 4.

Dit is duidelik dat die naakte of onaangetrekte toestand nie sterflikheid of onsterflikheid was nie, maar die dood en die graf. Paulus het besef dat iemand nie onmiddellik verander van om met hierdie tabernakel beklee te wees na om met ons huis van die hemel beklee te word nie. Die dood en die graf kom tussenin, en hy het hierna verwys as om onaangetrek of naak te wees.

In 'n ander teks het Paulus presies uitgespel wanneer daardie verandering van sterflikheid sou plaasvind. In 1 Korinthiërs 15:52,53 het hy geskryf, "want die basuin sal weerklink … en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee word." Dit sal wees wanneer Jesus kom.

**1 Petrus 3:18-20:** "Want Christus het ook eenmaal vir die sonde gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring – Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is."

Hierdie versies uit die Skrif is in 'n groot mate verkeerd

verstaan. Daar was gepreek dat Christus in werklikheid in die dieptes van die aarde neergedaal het en vir die verlore siele wat daar gevange gehou was in 'n soort van vaevuur, gepreek het.

Dit is ver verwyder van wat die versie in werklikheid sê. Kom ons kyk noukeurig daarna en kry die ware boodskap van hierdie versies. Dit sê dat Christus eenmaal vir die sonde gely het en dat Hy ons na God kan bring deur in die vlees gedood te word. Hy was egter deur die Gees lewend gemaak waardeur Hy ook gaan preek het.

Eerstens, let op hoe Christus vir daardie geeste in die gevangenis gepreek het. Hy het dit gedoen deur die Gees, en daardie woord is in u Bybel in hoofletters. Dit verwys in werklikheid na die Heilige Gees. Wat Christus dus ookal gedoen het deur gedurende hierdie tydperk te preek, het Hy gedoen deur die Heilige Gees.

Met dit in gedagte, kom ons vra die volgende: Wanneer het Hy gepreek? Die antwoord word duidelik in vers 20 gegee, "toe die lankmoedigheid van God eenmaal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is." Die prediking was dus in werklikheid gedoen terwyl die ark gebou was – gedurende die prediking van Noag vir die wêreld van voor die sondvloed. Nog een vraag: Vir wie is daar gepreek? Die teks sê hier "vir die geeste in die gevangenis." Dwarsdeur die Bybel vind ons hierdie terminologie verwys na diegene wat in die gevangenis van sonde vasgevang is. Dawid het gebid, "Lei my

siel uit die gevangenis" Psalm 142:8. Paulus het van sy ondervinding in hierdie woorde gepraat: "en my gevange neem onder die wet van sonde." Romeine 7:23.

Wat Petrus hier sê, is eenvoudig dat Christus deur die Heiige Gees teenwoordig was terwyl Noag gepreek het; Christus was daar deur die Heilige Gees om hulle harte te oortuig en by hulle aan te dring om in die ark in te gaan. Hier is absoluut niks wat aandui dat Jesus uit die liggaam uitgegaan het gedurende die tyd wat Hy dood was om na 'n onderaardse plek te gaan om vir goddelose geeste te preek nie. Die drie vrae word duidelik in die teks self beantwoord, dat Hy deur die Heilige Gees gepreek het, Hy het dit gedoen terwyl die ark gereed gemaak is, en Hy het dit gedoen vir die geeste in gevangenis of vir die individue wie se sondige lewens vasgevang was in die gevangenis van sonde.

***Openbaring 14:10,11:*** "Sal hy self ook drink van die wyn van die grimmigheid van God wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn, en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie – hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en elkeen wat die merk van sy naam ontvang."

Die woorde "alle ewigheid" beteken nie noodwendig "sonder einde" nie. Inderwaarheid gebruik die Bybel die uitdrukking 56 keer ("vir ewig" kan in u Bybelse konkordansie

onder "ewig" gevind word) in verband met die dinge wat alreeds geëindig het.  In Exodus 21:1-6 moes die Hebreeuse dienskneg sy meester "vir ewig" dien, maar dit was klaarblyklik slegs vir solank as wat hy geleef het.  Hanna het haar seun Samuel na God se huis geneem om "vir ewig" daar te bly, maar sy het daardie tyd eenvoudig beperk tot "so lank as wat hy leef."  1 Samuel 1:22,28.

Die term word duidelik gedefinieer in Psalm 48:15, "dat hierdie God onse God is, vir ewig en altyd; Hý sal ons lei tot die dood toe."  Die verwoesting van Edom sou "vir ewig en ewig" aanhou.  Jesaja 34:10.  Christus word "'n priester vir ewig" genoem (Hebreërs 5:6), maar nadat sonde uitgewis is, sal Christus se werk as priester eindig.  Die Bybel verklaar, "Die goddelose … om hulle vir ewig te verdelg."  Psalm 92:8.